191.A.1 (12)

Nov.-Des. 1974
(Op versoek van
Victor de Kock)

DR. C. BEYERS

DEUR PROF. H.B. THOM

Dr. Coenraad Beyers is op 5 September 1893 in die historiese distrik Swellendam gebore. In die loop van skitterende akademiese studies op Stellenbosch het hy die grade B.A. en M.A. verwerf, om vervolgens sy navorsingswerk in die Kaapse Argief in Kaapstad voort te sit en dit daarna na Nederland - veral in die Rijksarchief, Den Haag - uit te brei. Aan die einde van 1926 het hy, onder wyle prof. W. Blommaert as promotor, aan die Universiteit van Stellenbosch gepromoveer met 'n dissertasie getiteld Die Kaapse Patriotte, 1779 - 1791.

Na kortstondige ervaring as onderwyser en universiteitsdosent, het hy in die staatsdiens, meer bepaald die argiefdiens, getree waar hy weldra tot Assistent-Hoofargivaris gevorder het en eindelik, in Augustus 1944, as opvolger van wyle dr. C. Graham Botha, hoofargivaris van die destydse Unie geword het.

As student, navorser en amptenaar was dr. Beyers 'n netjiese, deeglike, toegewyde werker. Hy was steeds die rustige gees wat, selfs ten spyte van moeilike omstandighede, hom nooit van stryk laat bring het nie maar onverstoord sy gang gegaan het om sy plig op nougesette wyse na te kom.

2/.....

Vir ons argiewe het hy werk van onskatbare waarde gedoen. Toe hy hoofargivaris geword het, het die argiewe onder 'n kroniese gebrek aan fondse gebuk gegaan en eweseer 'n gebrek aan gekwalifiseerde personeel en doelmatige geboue ondervind. Met inspanning en geduld het hy daarin geslaag om hierdie leemtes in aansienlike mate te verlig, sodat daar by geleentheid van sy aftrede as hoof, allerweë warme erkentlikheid teenoor hom betuig is vir wat hy gedoen het om die beheer, bewaring en teboekstelling van ons nasionale dokumente-skat op gesonde voet te plaas.

Dr. Beyers sal ook altyd onthou word as wetenskaplike geskiedkundige navorser. Sy Kaapse Patriotte is nog steeds een van die allerbeste dissertasies wat in Afrikaans geskryf is; en dit was vir hom 'n welverdiende erkenning toe die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns dit in 1944 bekroon het met die Hertzogprys: Afdeling Wetenskaplike Prosa, wat later die Stalsprys vir Geesteswetenskappe geword het. Dr. Beyers het ons historiografie 'n goeie diens bewys toe hy in 1967 'n gewysigde, aansienlik aangevulde nuwe uitgawe die lig laat sien het. Die Kaapse Patriotte sal vir geskiedkundige werkers in Suid-Afrika, vir jonk en oud, vir Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes, nog lank 'n navolgenswaardige voorbeeld bly.

Die student, argivaris, geleerde, hoeveel hy ook al gepresteer het, het egter steeds nederige, verfynde mens gebly. In die persoonlike omgang was hy die toonbeeld van vriendelikheid, netheid, beskaafdheid en beleefdheid; in woord en daad het hy letterlik niemand ooit benadeel nie; in sy verhouding tot sy medemens het hy in onbaatsugtige naastediens ware geluk gevind.

In 1937 het hy in die huwelik getree met prof. Jess Davidtsz, professor in huishoudkunde aan die Universiteit van Pretoria, in wie hy

'n begrypende lewensmaat gevind het, wat saam met hom, hulle lewe op hoë intellektuele en artistieke peil ingerig het. Hulle huis, met lushof van blomme en struike, was vir hulleself en hulle vriende 'n oord van ware geluk en gemoedsrus.

Dr. Beyers was sy lewelank kwaliteitsmens; dat die aktiewe arbeid van 'n man van hierdie gehalte tot 'n einde moet kom, is vir ons land 'n swaar verlies.

——oo o oo——